GRAAD 2

Hiermee wil ons julle graag verwelkom by Graad 2.
Ons is baie opgewonde om jul kinders te sien in die klas.
Ons gee ook belangrike inligting in hierdie brief aan julle deur.

Die leerders moet asseblief in die oggende by hek 1 afgelaai word tussen 7:00 en 7:25. Hulle sal daar gesaniteer word en loop dan op die geel kolle tot by hul klas waar hul juffrou hulle sal ontvang. Hek 1 is by die parkie. Geen ouer mag saam met hul kind instap nie.Die graad 2's kom Maandae tot Vrydae om 13:00 uit. Daar sal wagklas in hul registerklasse wees tot 13:40 van Maandag tot Donderdag. Vrydae kom die skool 13:00 vir almal uit en mag die leerders Swarrie klere aantrek. Ons loop saam met die kinders tot by hek 1 waar julle hulle kan oplaai. Die hek word stiptelik 14:00 gesluit en om 13:15 op Vrydae, waarna u, u kind by die kantoor sal moet kry.

Die leerders gaan elke Vrydag 'n nuwe huiswerkbladsy ontvang.
Dit word elke Vrydag op Teams gelaai ook.
Die werk moet in hul huiswerkboeke geoefen word.
Ons gaan alle huiswerk kontroleer Die kinders gaan Vrydae 'n speltoets skryf oor die week se spelwoorde.
Daar sal ook op die huiswerkbladsy staan of die kinders enige iets moet saambring vir kuns. Kuns word gewoonlik op 'n Vrydag gedoen.
Die leeslesse vir Afrikaans en Engels moet asb. in die flipfile gepak word.
Die volgende goed moet asseblief elke dag by die skool wees:

- Alle skryfbehoeftes (maak asseblief seker dat dit gemerk is)
- Huiswerkboek
- Leeslêer (Afrikaans en Engels)

Elke klas kry 'n snoepiedag vir lekkernye. Stuur asb. oordeelkundig geld saam. Die kinders mag egter enige dag geld bring om kos by die snoepie te bestel. Kinders mag ook waterbottels saambring. Maak asb. seker alles is gemerk.

- Dinsdae – Gr 2 R
- Woensdae – Gr 2 K
- DonderdaE – Gr 2 A
- Vrydae – Gr 2 E

Kinders mag gewone klere aantrek wanneer hul verjaar. Indien dit oor ‘n naweek of vakansie val, kan hul die Maandag gewone klere dra. Hul kan ook verversings bring, maar dit moet in ‘n geseelde pakkie wees.

Die leerders word deurlopend geassesseer. Laat weet asseblief u kind se onderwyser indien hy/sy nie by die skool kan wees nie aangesien die assessering ingehaal moet word. Die slaagvereistes is: Afrikaans – 4(50%), Engels – 3(40%) en Wiskunde – 3(40%). Daar sal video’s van nuwe konsepte op Teams gelaai word.

Die kinders gaan die kwartaal ‘n redenaarspraatjie moet kom lewer in Afrikaans. Die praatjies moet tussen 1 en 2 minute wees en hulle moet kaartjies by hulle hê. Hulle mag ook prentjies oor die tema saam bring as hulle sou wil. Die temas is as volg:

- Die leerders kan kies tussen een van die drie temas: kaalvoet, wonder en fees.
- Daar sal ‘n verduideliking van hoe om ‘n praatjie op te stel aan u gestuur word.
- Hierdie is vir blootstelling, en die wat talent toon gaan later aan redenaarskompetisies deelneem.

Kontak asseblief u kind se onderwyser oordeelkundig. U kan gerus afsprake via e-pos maak.

Vriendelike groete,
Graad 2 onderwyseresse

Riana du Toit (Departementshoof)
- riana.dutoit@laerskoolswartkop.co.za
Annemarie Fourie (Graadhoof)
- annemarie.fourie@laerskoolswartkop.co.za
Karien Geyser
- karien.geyser@laerskoolswartkop.co.za
Elmarie Janse van Rensburg
- elmariejansevanrensburg@laerskoolswartkop.co.za